# JUFFROU ANRI-WENKE #6

# Samewerkingsgeleentheid met LAPA-Uitgewers

---

## HOE EKSAMENVRAESTELLE WERK EN HOE LEERDERS ÉN OUERS SLIM KAN VOORBEREI

### Wat om te verwag in 'n eksamenvraestel

Eksamen- en toetsreeksvraestelle in die Intermediêre Fase word saamgestel volgens KABV en JOB-riglyne. Dit beteken dat vrae volgens drie kognitiewe vlakke opgestel word:

- **Lae-orde vrae** toets basiese herroeping van feite, terme en definisies.
- **Middelorde vrae** kyk of die leerder die inhoud kan verstaan en kan toepas.
- **Hoë-orde vrae** toets denke, analise, opinievorming en skeppende vermoë.

Elke vraestel bevat 'n gebalanseerde aantal lae-orde, middelode en hoë-orde vrae om te verseker dat die vraestel 'n realistiese beoordeling van die leerder se begrip, kennis en insig toon..

### Wat is hoë-orde vrae?

Hoë-orde vrae is dikwels die langer antwoorde, opinie-gebaseerde vrae, of ontwerp en redenasie. Hierdie tipe vrae vereis nie net kennis van die inhoud nie, maar ook insig, logiese denke en die vermoë om iets oorspronklik of kreatief daarmee te doen.

'n Voorbeeld uit ons graad 6 Natuurwetenskappe vraestel: **"Wat dink jy sal gebeur indien die Aarde nie op sy eie as draai nie? In jou verduideliking moet jy verwys na klimaat en lewe op Aarde."**

Leerders moet hier leer om:

- Antwoorde te motiveer
- Verskillende idees te vergelyk
- Gevolge te ontleed
- Alternatiewe oplossings aan te bied

### Hoe leerders hulself kan voorberei:

• **Oefen ou vraestelle.**

• **Verstaan die verskil tussen werkwoorde:** "Noem" vra net vir feite. Woorde soos "verduidelik" en "evalueer" vra vir meer insig.

• **Leer hardop:** Verduidelik konsepte vir jouself of iemand anders - dit toets werklike begrip.

• **Skryf opinies neer en motiveer dit:** Dink oor die onderwerp, kies 'n standpunt en verdedig dit.

• **Organiseer idees:** Stel vas op watter wyse jou kind die beste leer (bv. spinnekopdiagramme, sleutelwoorde, kleurkodes, ens.) en som die werk op hierdie wyse op.

## Waarom ou vraestelle belangrik is:

Leerders wat ou vraestelle uitwerk, is meer selfversekerd. Hulle weet hoe die vrae geformuleer word, hoeveel punte per vraag toegeken word, en hoe om hul tyd te bestuur. Vra jou onderwyser vir ou assesserings of besoek [www.juffrouanri.com](http://www.juffrouanri.com) vir ons wonderlike eksamenvoorbereidingsbundels.

## Wat ouers kan doen om hul kind te help:

• **Help met tydsbeplanning:** Skep saam 'n eenvoudige studierooster met kort, realistiese sessies. Skeduleer tyd vir ontspanning.

• **Vra vrae oor die werk:** Laat jou kind vir jou verduidelik wat hulle geleer het. Dit bou begrip en vertroue.


• **Moedig hoë-orde denke aan:** Vra vrae soos "Hoekom dink jy dit is belangrik?" of "Wat sou jy verander?"

• **Skep 'n rustige leeromgewing:** 'n Netjiese werkstasie, gebalanseerde kos, goeie slaap, genoeg rus en emosionele ondersteuning maak 'n groot verskil.

• **Oefen toetsomstandighede tuis:** Gee jou kind tyd om ou vraestelle soos 'n regte eksamen af te lê.

## Laaste gedagte:

Eksamens is nie net 'n toets van geheue nie - dit is 'n toets van begrip, ingesteldheid en strategie. Wanneer ouers en kinders saamwerk, en weet wat om te verwag, is eksamens nie iets om te vrees nie, maar 'n geleentheid om te wys wat jy weet én wat jy met daardie kennis kan doen.



**Liefde**

**Juffrou Anri**

© JUFFROU ANRI
www.juffrouanri.com